

## Meer oor die outeur – Gert van der Merwe

Kyk jy na die lewe van die skrywer, kan jy verstaan dat dit nie vreemd is vir 'n man van sy kaliber om 'n boek oor sy geboortewêreld op die ouderdom van 84 jaar te skryf nie. Dit is maar net een van die vele grense wat hy in sy lewe oorgesteek het.

Gerrit Johannes van der Merwe (Gert Kalifornië) is op 1 Mei 1927 in die Koue Bokkeveld gebore. Hy gaan skool in die plaasskooltjie op De Bos (waar hy standerd of twee "spring" soos hulle in daardie tyd gesê het). Op die jong ouderdom van 16 slaag hy matriek aan die Hoërskool Charlie Hofmeyr op Ceres. Hy studeer aan die Universiteit van Stellenbosch en gaan boer daarna op die familieplaas Kalifornië.

In 1954 ontmoet hy 'n jong onderwyseres, Chellé Conradie, by die Laerskool Boy Muller en tree die volgende jaar met haar in die huwelik. Gedurende hierdie jare in die Koue Bokkeveld speel hy 'n beduidende rol op verskeie terreine van die gemeenskap en ook in die georganiseerde landbou. Hy dien op verskeie direksies en verteenwoordig Wes-Kaap op die Aartappelraad. Hy het 'n groot aandeel in die afstigting uit die moedergemeente van Ceres en die daaropvolgende beplanning van die nuwe dorp, Op-die-Berg, gehad.

In die vroeë sewentiger-jare verkoop hy beide sy plase in die Koue Bokkeveld omdat hy 'n nuwe uitdaging soek. Hy koop die wynplaas Lieland buitekant die Paarl, waar hy 'n kelder bou en die Lieland wynreeks bekendstel. In 1976 inisieer hy die stigting van die Onverbonde Druwe Produsente om die belange van die boere wat direk aan die handel verkoop, te beskerm. In 1989 verhuis hy en sy gesin na Gordonsbaai, waar hy spoedig weer in die gemeenskap op leiersvlak betrokke raak. Hy dien as raadslid op die plaaslike bestuur van Gordonsbaai en later die groter Helderberg Munisipaliteit, waar hy sy termyn as Burgemeester afsluit.

Gedurende sy aftreejare bly daar 'n konstante heimwee na sy geboortewêreld, die Koue Bokkeveld. Dit is juis hierdie hunkering wat hom aanspoor om sy herinnering te boek te stel. Vir langer as 'n jaar gaan hy terug op al sy spore en maak al die los drade bymekaar voordat dit vir ewig verlore gaan.